Lees asseblief die inligting op die volgende bladsy aandagtig deur!

Jou Handleiding

Hierdie is jou "handleiding", lees hom asseblief deeglik deur.

1. Hierdie PDF bestaan uit 10 vraestelle en 10 memos.

2. Die vraestelle en memos is gerangskik as Vraestel 1/Memo1/ Vraestel 2/Memo 2 ens.

3. Voor elke vraestel is ’n blad wat aandui dat jy met ’n nuwe vraestel en memo begin.

4. Die voorblaaie, instruksies en formule bladsye is verwyder om papier te spaar. Direk na hierdie bladsy is ’n enkele "instruksies" blad sowel as ’n "Formule blad".

5. Moet asseblief nie onnodig print nie. Probeer hiermee werk sonder om te print, dit sal ongelooflik wees vir die omgewing (en jou gatsak – ink en papier is duur).

6. Hierdie is vorige skool en departementele vraestelle wat verniet beskikbaar is op die internet. Dit beteken dat daar foute is in die memos maar dat dit reg is in die video's. Dit beteken ook jy kan hierdie pdf deel maar nie verkoop nie (jy het nie hierdie pdf by ons gekoop nie – maar die video's).

7. Jy gaan die meeste baat vind by hierdie program as jy die vraestelle uitwerk asof jy in ‘n eksamen sit (in die voorgeskrewe tyd en sonder hulp van jou handboek). Merk dit dan met die memos en kyk laastens die video's van die vrae wat jy nie verstaan nie.

8. Die Video's is beskikbaar op ons webblad: PolyMathic waar jy die betaling gemaak het. Gebruik die epos en Password wat jy gebruik het met "signup" om in te teken, gaan dan na "dashboard" en laastens klik jy op die "course".

9. Ek maak ook foute – daar is definitief foute wat deurglip. As jy dink iets is nie reg nie – kontak my! Jy het my nommer. Of klik op "questions and answers" op die kursus en laat weet my so.

10. Die belangrikste van alles kragtens jou subskripsie. Jy subskripsie hardloop van die dag wat jy gekoop het, tot die dag wat jy hom self kanselleer. Aan die einde van die jaar verwyder ek jou van die graad waarop jy tans is en plaas ek jou op die volgende graad. As jy kies om nie die subskripsie te stop deur die loop van jou skoolloopbaan nie moet

jy steeds onthou om hom te stop aan die einde van Gr12 anders gaan jy verewig aanhou betaal!

11. As enigiets nie werk soos dis moet nie (bv. ’n video wil nie speel nie) laat weet my op WhatsApp of direk op die kursus. Moet asb. nie ’n Facebook comment gaan los iewers nie – dis onmoontlik om by hulle almal uit te kom.

Instruksies en Inligting wat voor op ’n Vraestel verskyn.

Hierdie is min of meer hoe die instruksies vooraan elke vraestel lyk.

LEES DIE BLAD OP JOU AMPTELIKE VRAESTEL AANDAGTIG DEUR! Dit gaan waarskynlik effens verskil van die een.

Tyd: (dis hoe lank jy het om die vraestel te voltooi)

Punte: (uit hoeveel die vraestel tel)

1. Skryf jou naam en klas (bv. 11A) op die antwoordboek wat voorsien is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit “x” vrae. Beantwoord ALLE vrae in die antwoordboek behalwe Vraag “y” wat op die grafiekpapier wat verskaf is beantwoord moet word. Vul jou naam in die aangeduide spasie bo-aan die grafiekpapier in.
3. Begin elke vraag op ‘n nuwe bladsy
4. Nommer die antwoorde PRESIES soos in die vraestel
5. Los ’n lyn oop tussen opeenvolgende vrae.
6. ‘n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
7. Jy mag toepaslike Wiskunde instrumente gebruik
8. Gebruik jou formuleblad!
9. Toon alle formules, vervangings en stappe
10. Rond alle antwoorde af tot “z” desimale plekke. (Gewoonlik 2 maar kan verskil).
11. Gee kort motiverings waar nodig
12. Skryf netjies en leesbaar

Formuleblad

Let asb op - hierdie is 'n Graad 12 Formule-blad. Gebruik slegs die formules wat jy nodig het vir die Graad waarin jy tans is.

$$x = \frac{-b \pm \sqrt{b^2 - 4ac}}{2a}$$

$A = P(1+ni)$ $\quad A = P(1-ni)$ $\quad A = P(1-i)^n$ $\quad A = P(1+i)^n$

$T_n = a + (n-1)d$ $\quad S_n = \frac{n}{2}[2a + (n-1)d]$

$T_n = ar^{n-1}$ $\quad S_n = \frac{a(r^n - 1)}{r-1}$; $r \neq 1$ $\quad S_\infty = \frac{a}{1-r}$; $-1 < r < 1$

$F = \frac{x[(1+i)^n - 1]}{i}$ $\quad P = \frac{x[1-(1+i)^{-n}]}{i}$

$$f'(x) = \lim_{h \to 0} \frac{f(x+h) - f(x)}{h}$$

$d = \sqrt{(x_2 - x_1)^2 + (y_2 - y_1)^2}$ $\quad M\left(\frac{x_1 + x_2}{2} ; \frac{y_1 + y_2}{2}\right)$

$y = mx + c$ $\quad y - y_1 = m(x - x_1)$ $\quad m = \frac{y_2 - y_1}{x_2 - x_1}$ $\quad m \quad \tan\theta$

$(x-a)^2 + (y-b)^2 = r^2$

In ΔABC: $\frac{a}{\sin A} = \frac{b}{\sin B} = \frac{c}{\sin C}$

$a^2 = b^2 + c^2 - 2bc.\cos A$

oppervlakte $\Delta ABC = \frac{1}{2}ab.\sin C$

$\sin(\alpha + \beta) = \sin\alpha.\cos\beta + \cos\alpha.\sin\beta$ $\quad \sin(\alpha - \beta) = \sin\alpha.\cos\beta - \cos\alpha.\sin\beta$

$\cos(\alpha + \beta) = \cos\alpha.\cos\beta - \sin\alpha.\sin\beta$ $\quad \cos(\alpha - \beta) = \cos\alpha.\cos\beta + \sin\alpha.\sin\beta$

$$\cos 2\alpha = \begin{cases} \cos^2\alpha - \sin^2\alpha \\ 1 - 2\sin^2\alpha \\ 2\cos^2\alpha - 1 \end{cases}$$

$\sin 2\alpha = 2\sin\alpha.\cos\alpha$

$\bar{x} = \frac{\sum x}{n}$ $\quad \sigma^2 = \frac{\sum_{i=1}^{n}(x_i - \bar{x})^2}{n}$

$P(A) = \frac{n(A)}{n(S)}$ $\quad P(A \text{ of } B) = P(A) + P(B) - P(A \text{ en } B)$

$\hat{y} = a + bx$ $\quad b = \frac{\sum(x - \bar{x})(y - \bar{y})}{\sum(x - \bar{x})^2}$

PolyMathic

Vraestel 1

Okt/Nov

Eksamen

PolyMathic

Graad 12 Eindeksamen
Totaal: 150
Tyd: 3ure

VRAAG 1

Die tabel hieronder gee die gemiddelde rand/dollar-wisselkoers en die gemiddelde maandelikse olieprys vir die jaar 2010.

	Jan.	**Feb.**	**Mrt.**	**Apr.**	**Mei**	**Jun.**	**Jul.**	**Aug.**	**Sep.**	**Okt.**	**Nov.**	**Des.**
Wisselkoers in R/$	7,5	7,7	7,2	7,4	7,7	7,7	7,6	7,3	7,1	7,0	6,9	6,8
Olieprys in $	69,9	68,0	72,9	70,3	66,3	67,1	67,9	68,3	71,3	73,6	76,0	81,0

1.1 Teken 'n spreidiagram op DIAGRAMVEL 1 om die wisselkoers (in R/$) teenoor die olieprys (in $) voor te stel. (3)

1.2 Beskryf die verband tussen die wisselkoers (in R/$) en die olieprys (in $). (2)

1.3 Bepaal die gemiddelde olieprys. (2)

1.4 Bepaal die standaardafwyking van die olieprys. (2)

1.5 Daar is gewoonlik kommer by die publiek as die olieprys hoër as twee standaardafwykings van die gemiddelde is. In watter maand(e) sou daar kommer by die publiek wees? (2)
[11]

VRAAG 2

Die mond-en-snor-diagramme hieronder stel Vuyani en Peter se punt vir hul Skoolgebaseerde Assesseringstake in 'n spesifieke vak deur die jaar voor.



2.1 Gee die variasiewydte van Peter se punte. (2)

2.2 Gee die minimum van Vuyani se punte. (1)

2.3 Lewer kommentaar oor wie jy dink 'n meer konsekwente prestasie deur die jaar gehad het. Motiveer jou antwoord deur na die waardes in die mond-en-snor-diagramme te verwys. (2)
[5]

VRAAG 3

Die gemiddelde persentasie van 150 leerders vir al hul vakke is in die kumulatiewefrekwensie-tabel hieronder opgesom.

PERSENTASIE INTERVAL	KUMULATIEWE FREKWENSIE
$x \leq 10$	5
$x \leq 20$	21
$x \leq 30$	50
$x \leq 40$	70
$x \leq 50$	88
$x \leq 60$	110
$x \leq 70$	135
$x \leq 80$	142
$x \leq 90$	147
$x \leq 100$	150

3.1 Teken die ogief (kumulatiewefrekwensie-grafiek) om die data hierbo voor te stel, op DIAGRAMVEL 2. (4)

3.2 Gebruik die ogief om die volgende te skat (benader):

3.2.1 Die getal leerders wat minder as 85% behaal het (2)

3.2.2 Die interkwartielvariasiewydte (Toon ALLE berekeninge.) (3)

[9]

VRAAG 4

In die diagram hieronder is trapesium ABCD met AD // BC geteken. Die koördinate van die hoekpunte is A(1 ; 7); B(p ; q); C(–2 ; –8) en D(–4 ; –3). BC sny die x-as by F.
$D\hat{C}B = \alpha$.



4.1 Bereken die gradiënt van AD. (2)

4.2 Bepaal die vergelyking van BC in die vorm $y = mx + c$. (3)

4.3 Bepaal die koördinate van punt F. (2)

4.4 AB$^{/}$CD is 'n parallelogram met B$^{/}$ op BC. Bepaal die koördinate van B$^{/}$ deur 'n transformasie $(x\,;\,y) \rightarrow (x + a\,;\,y + b)$ wat A na B$^{/}$ stuur, te gebruik. (2)

4.5 Toon aan dat $\alpha = 48{,}37°$. (4)

4.6 Bereken die oppervlakte van ΔDCF. (6)
[19]

VRAAG 5

Sirkel C_1 en C_2 in die figuur hieronder het dieselfde middelpunt M. P is 'n punt op C_2. PM sny C_1 by D. Die raaklyn DB aan C_1 sny C_2 by B. Die vergelyking van sirkel C_1 word gegee deur $x^2 + 2x + y^2 + 6y + 2 = 0$ en die vergelyking van lyn PM is $y = x - 2$.



5.1 Bepaal die volgende:

5.1.1 Die koördinate van middelpunt M (3)

5.1.2 Die radius van sirkel C_1 (1)

5.2 Bepaal die koördinate van D, die punt waar lyn PM en sirkel C_1 sny. (5)

5.3 Indien gegee word dat DB $= 4\sqrt{2}$, bepaal MB, die radius van sirkel C_2. (3)

5.4 Skryf die vergelyking van sirkel C_2 neer in die vorm $(x-a)^2 + (y-b)^2 = r^2$. (2)

5.5 Is die punt F$\left(2\sqrt{5}\ ;\ 0\right)$ binne sirkel C_2? Ondersteun jou antwoord met berekeninge. (4)

[18]

VRAAG 6

6.1 Skryf die koördinate van die beeld van punt A(–5 ; 3) neer nadat dit die volgende transformasies ondergaan het:

6.1.1 Translasie van 3 eenhede na onder en 4 eenhede na regs (2)

6.1.2 Refleksie om die *x*-as (2)

6.2 Beskou die volgende diagram:



6.2.1 In die diagram hierbo is driehoek KMN deur 'n sekere faktor vergroot om driehoek $K^{/}M^{/}N^{/}$ te vorm. Bepaal die faktor van vergroting. (2)

6.2.2 Gee die algemene reël vir die transformasie in VRAAG 6.2.1. (2)

6.2.3 Gebruik die antwoord op VRAAG 6.2.2 om die beeld $P^{/}$ van P(3 ; 2) te bepaal. (2)

6.2.4 M is die refleksie van K om die lyn met vergelyking $x = a$. Bepaal die waarde van die konstante a. (2)

6.2.5 ΔKMN is 180° om die oorsprong geroteer om $\Delta K^{//}M^{//}N^{//}$ te vorm. Gee die koördinate van $K^{//}$. (2)

6.2.6 ΔKMN is 3 eenhede na regs en 1 eenheid na bo getransleer om $\Delta K^{///}M^{///}N^{///}$ te verkry. Skryf die verhouding van $\frac{K^{/}K^{///}}{K^{/}M^{///}}$ na die translasie neer. (3)

[17]

VRAAG 7

In die diagram hieronder is punt K(a ; b) kloksgewys deur 'n hoek van $90°$ om die oorsprong na $K^{/}$ geroteer en toe kloksgewys deur 'n hoek θ na $K^{//}$ geroteer.



7.1 Skryf die koördinate van punt $K^{/}$ in terme van a en b neer. (2)

7.2 Skryf die koördinate van $K^{//}$ in terme van a, b, $\sin\theta$ en $\cos\theta$ neer. Vereenvoudig indien nodig. (2)

7.3 T(–4 ; –2) word kloksgewys deur 'n hoek van (90° + θ) om die oorsprong geroteer om beeld $T^{/}$ te verkry. Bepaal, in die eenvoudigste vorm, die koördinate van $T^{/}$ in terme van θ. (2)

7.4 Bereken gevolglik of andersins die grootte van θ indien dit gegee word dat $T^{/}(2\sqrt{3}+1\ ;\ \sqrt{3}-2)$ en $90° < \theta < 180°$. (5)

[11]

VRAAG 8

8.1 Vereenvoudig so ver as moontlik: $1-\sin^2\theta+3-\cos^2\theta$ (2)

8.2 Vereenvoudig SONDER die gebruik van 'n sakrekenaar: $\sqrt{4^{\sin 150°}\times 2^{3\tan 225°}}$ (4)

8.3 Bewys dat $\dfrac{\cos^2 x\sin^2 x+\cos^4 x}{1-\sin x}=1+\sin x$ (4)

8.4 Bewys dat vir enige hoek θ, $\cos 3\theta=4\cos^3\theta-3\cos\theta$.
(Wenk: $3\theta=\theta+2\theta$) (4)

8.5 Indien $x=\cos 20°$, gebruik VRAAG 8.4 om aan te dui dat $8x^3-6x-1=0$. (2)
[16]

VRAAG 9

9.1 Vereenvoudig tot EEN trigonometriese funksie SONDER die gebruik van 'n sakrekenaar:

$$\frac{\cos 160°\tan 200°}{2\sin(-10°)}$$ (6)

9.2 Beskou $\cos(x+45°)\cos(x-45°)$.

9.2.1 Dui aan dat $\cos(x+45°)\cos(x-45°)=\frac{1}{2}\cos 2x$. (4)

9.2.2 Bepaal gevolglik 'n waarde van x in die interval $0°\le x\le 180°$ waarvoor $\cos(x+45°)\cos(x-45°)$ 'n minimum is. (3)
[13]

VRAAG 10

Die grafiek van $f(x) = \sin 2x$ vir $-180° \leq x \leq 90°$ word in die skets hieronder aangedui.



10.1 Skryf die waardeversameling van f neer. (2)

10.2 Bepaal die periode van $f\left(\frac{3}{2}x\right)$. (2)

10.3 Teken die grafiek van $g(x) = \cos(x - 30°)$ vir $-180° \leq x \leq 90°$ op die assestelsel op DIAGRAMVEL 3. Merk ALLE x-afsnitte en draaipunte duidelik. (4)

10.4 Bepaal gevolglik of andersins die waardes van x in die interval $-180° \leq x \leq 90°$ waar $f(x) . g(x) < 0$. (4)

10.5 Beskryf die transformasie wat grafiek f moet ondergaan om $y = \sin(2x + 60°)$ te vorm. (2)

10.6 Bepaal die algemene oplossing van $\sin 2x = \cos(x - 30°)$. (6)

[20]

VRAAG 11

In die diagram hieronder is ABC 'n reghoekige driehoek. KC is die halveerder van $A\hat{C}B$. AC = r eenhede en $B\hat{C}K = x$.



11.1 Skryf AB in terme van x en r neer. (2)

11.2 Gee die grootte van $A\hat{K}C$ in terme van x. (1)

11.3 Indien dit gegee word dat $\frac{AK}{AB} = \frac{2}{3}$, bereken die waarde van x. (8)

[11]

TOTAAL: 150

DIAGRAMVEL 1

VRAAG 1.1



DIAGRAMVEL 2

VRAAG 3.1



DIAGRAMVEL 3

VRAAG 10.3



Memo

NOTA:

- Indien `n kandidaat `n vraag TWEE keer beantwoord het, merk slegs die EERSTE poging.
- Indien `n kandidaat `n poging om `n vraag te beantwoord gekanselleer het en die vraag nie weer gedoen het nie, merk die gekanselleerde poging.
- Konstante akkuraatheid is van toepassing in **ALLE** aspekte van die merk memorandum.

VRAAG 1

1.1	**Spreidiagram van wisselkoers versus olieprys**  	✓enige 4 punte korrek geplot ✓ enige 9 punte korrek geplot ✓ alle punte korrek geplot (3)
1.2	Soos die wisselkoers (R/$) vermeerder verminder die olieprys ($). **OF** Daar is `n negatiewe korrelasie tussen die wisselkoers en die olieprys.	✓✓ rede (2)
1.3	$\text{Gemiddelde} = \frac{852{,}6}{12}$ $= 71{,}05$	✓ 852,6 ✓ 71,05 (2)
1.4	Standaard afwyking is: $\sigma = 4{,}09$	✓✓ 4,09 (2)
1.5	2 standaard afwykings van die gemiddelde gemiddelde = 71,05+ 2(4,09) = 79,23 Die publiek sal besorg wees in Desember 2010	✓ 79,23 ✓ Des 2010 (2) **[11]**

VRAAG 2

2.1	Variasiewydte van Peter se punte is 94 – 68 = 26	✓ 94 – 68 ✓ 26 (2)
2.2	Vuyani se minimum punte is 76	✓ 76 (1)
2.3	Vuyani was meer konstant gedurende die jaar want die variasiewydte van sy punte is nader om die mediaan waarde gerangskik **OF** die variasiewydte en die interkwartiel-wydte is kleiner as Peters.	✓ Vuyani ✓ rede (2) **[5]**

VRAAG 3

3.1		✓ plot punte by kummulatiewe frekwensie ✓ plot teen boonste limiet ✓ gegrond by (0 ; 0) ✓ gladde kurwe (4)
3.2.1	(85 ; ± 144) ± 144 leerders het punte onder 85% (Aanvaar: 144 to 146)	✓ (85 ; ± 144) ✓ ± 144 leerders (2)
3.2.2	Q_1 = 25 of 27 or 26 Q_3 = 61 of 62 or 64 Interkwartiel-wydte = 36 of 35 or 38	✓ onderste kwartiel ✓ boonste kwartiel ✓ IKW (3) **[9]**

VRAAG 4

4.1	$m_{AD} = \frac{y_2 - y_1}{x_2 - x_1}$ $= \frac{7-(-3)}{1-(-4)}$ $= 2$	✓ substitusie ✓ 2 (2)
4.2	AD//BC $m_{AD} = m_{BC} = 2$ $y - y_1 = m(x - x_1)$ $y - (-8) = 2(x - (-2)$ $\therefore y = 2x - 4$	✓ $m_{AD} = 2$ ✓ stel in formule ✓ $y = 2x - 4$ (3)
4.3	By F: $y = 0$ $0 = 2x - 4$ $x = 2$ F(2 ; 0)	✓ $y = 0$ ✓ $x = 2$ (2)
4.4	D is getransleer C volgens die reël: $D(x;y) \rightarrow C(x+2\ ;y-5)$ A moet ook getransleer word volgens die reël na B$^{/}$. $\therefore$A(1 ; 7) $\rightarrow$ B$^{/}$ (3 ; 2) **OF** $x_{B^{/}} = -2 + (1+4) = 3$ $y_{B^{/}} = -8 + (7+3) = 5$	✓ $x = 3$ ✓ $y = 2$ (2) ✓ $x = 3$ ✓ $y = 2$ (2)
4.5	$m_{BC} = 2$ $\tan\theta = 2$ $\theta = 63{,}43°$ $m_{DC} = \frac{-8-(-3)}{-2-(-4)} = -\frac{5}{2}$ $\tan\beta = -\frac{5}{2}$ $\beta = 180° - 68{,}20° = 111{,}80°$ $\alpha = 111{,}80° - 63.43° = 48{,}37°$  **OF**	✓ 63,43° ✓ $\tan\beta = -\frac{5}{2}$ ✓ 111,8° ✓ 48,37° (4)

	$DC = \sqrt{(-4+2)^2 + (-3+8)^2}$ $= \sqrt{29}$ $CF = \sqrt{(-2-2)^2 + (-8-0)^2}$ $= \sqrt{80}$ $DF = \sqrt{(2+4)^2 + (0+3)^2}$ $= \sqrt{45}$ $\cos\alpha = \dfrac{29+80-45}{2(\sqrt{29})(\sqrt{80})}$ $= 0{,}6643...$ $\alpha = 48{,}37°$ **OF** $DC = \sqrt{(-4+2)^2 + (-3+8)^2}$ $= \sqrt{29}$ $DB = \sqrt{(3+4)^2 + (2+3)^2}$ $= \sqrt{74}$ $BC = \sqrt{(3+2)^2 + (2+8)^2}$ $= \sqrt{125}$ $\cos\alpha = \dfrac{29+125-74}{2(\sqrt{29})(\sqrt{125})}$ $= 0{,}6643...$ $\alpha = 48{,}37°$	✓Subst in cos-formule ✓cos α onderwerp ✓0,6643... ✓48,37° (4) ✓Subst in cos-formule ✓cos α onderwerp ✓0,6643... ✓48,37° (4)
4.6	$DC = \sqrt{(-4+2)^2 + (-3+8)^2}$ $= \sqrt{29}$ $CF = \sqrt{(-2-2)^2 + (-8-0)^2}$ $= \sqrt{80}$ $Area\ \Delta DCF = \frac{1}{2}.DC.CF.\sin\alpha$ $= \frac{1}{2}(\sqrt{29})(\sqrt{80})\sin 48{,}37°$ $=18$ eenhede^2	✓ substitusie in formule ✓ $\sqrt{29}$ ✓ substitusie in formule ✓ $\sqrt{80}$ ✓ substitusie In die area reël ✓ 18 (6)

OF



Area ΔDCF = Area van reghoek – (1) – (2) – (3)

= 48 – 9 – 5 – 16

= 18 vierkante eenheid

✓ reghoek en area

✓ verband tussen areas
✓ (1) = 9
✓(2) = 16
✓(3) = 5
✓18 eenhede^2

(6)

OF



Area CDF = Area CHF + Area CDGH - Area DGF

$$= \frac{1}{2} \times 4 \times 8 + 2 \times \frac{1}{2}(3 \times 8) - \frac{1}{2} \times 6 \times 3$$

$$= 16 + 11 - 9$$

$$= 18 \text{ vierkante eenheid}$$

✓ teken loodregte lyne

✓ verband tussen areas
✓ 16
✓ 11
✓ 9
✓18vierkante eenheid

(6)

[19]

VRAAG 5

5.1.1	$x^2+y^2+2x+6y+2=0$ $x^2+2x+1+y^2+6y+9=-2+10$ $(x+1)^2+(y+3)^2=8$ $\mathrm{M}(-1\,;-3)$	✓ $(x+1)^2+(y+3)^2=8$ ✓ -1 ✓ -3 (3)
5.1.2	radius van sirkel $\mathrm{C}_1=\sqrt{8}$	✓ $\sqrt{8}$ (1)
5.2	$x^2+(x-2)^2+2x+6(x-2)+2=0$ $x^2+x^2-4x+4+2x+6x-12+2=0$ $2x^2+4x-6=0$ $x^2+2x-3=0$ $(x+3)(x-1)=0$ $x=-3$ *or* $x\neq 1$ $y=-3-2=-5$ $\therefore \mathrm{D}(-3;-5)$ **OF** $(x+1)^2+(y+3)^2=8$ *subst.* $y=x-2$ $(x+1)^2+(x-2+3)^2=8$ $(x+1)^2+(x+1)^2=8$ $x^2+2x-3=0$ $(x+3)(x-1)=0$ $x=-3$ *or* $x\neq 1$ $y=-3-2=-5$ **OF** $(x+1)^2+(y+3)^2=8$ *subst.* $y=x-2$ $(x+1)^2+(x-2+3)^2=8$ $(x+1)^2+(x+1)^2=8$ $(x+1)^2=4$ $x+1=\pm 2$ $x=-3$ *or* $x\neq 1$ $y=-3-2=-5$ **OF**	✓ substitusie ✓ standaard vorm ✓ faktore ✓ waarde van x ✓ waarde van y (5) ✓ substitusie ✓ standaard vorm ✓ faktore ✓ waarde van x ✓ waarde van y (5) ✓ substitusie ✓ vereenvoudiging ✓ vierkantswortel van albei kante ✓ waarde van x ✓ waarde van y (5)

	PM maak `n 45° hoek met die *x*-as. $\sqrt{8} = \sqrt{2^2 + 2^2}$ Dus: $x_D = x_M - 2 = -1 - 2 = -3$ $y_D = -3 - 2 = -5$	✓✓ $\sqrt{8} = \sqrt{2^2 + 2^2}$ ✓ waarde van *x* ✓ waarde van *y* (5)
5.3	$MD \perp DB$ (raaklyn ⊥ radius) $MB^2 = MD^2 + DB^2$ (Pythagoras) $= (\sqrt{8})^2 + (4\sqrt{2})^2$ $= 40$ MB is die radius van C_2 $MB = \sqrt{40}$	✓ raaklyn ⊥ radius ✓ substitusie in Pythagoras ✓ $\sqrt{40}$ (3)
5.4	$(x+1)^2 + (y+3)^2 = 40$	✓ LK ✓ RK (2)
5.5	Afstand van $(2\sqrt{5}\ ;\ 0)$ na middelpunt $= \sqrt{(2\sqrt{5}+1)^2 + (0+3)^2}$ $= 6{,}24$ $6{,}24 < 6{,}32\ (\sqrt{40})$ Afstand van $(2\sqrt{5}\ ;\ 0)$ na middelpunt < radius van sirkel. $(2\sqrt{5}\ ;\ 0)$ lê binne die sirkel.	✓substitusie in afstand formule ✓ 6,24 ✓6,24 < 6,32 ✓ afleiding (4) **[18]**

VRAAG 6

6.1.1	$A(-5\,;3)$ $A^{/}(-5+4\,;3-3)=(-1\,;0)$	✓ -1 ✓ 0 (2)
6.1.2	$A^{/}(-5\,;-3)$	✓ -5 ✓ -3 (2)
6.2.1	Skaal faktor van vergroting is $\frac{K^{/}M^{/}}{KM}=\frac{15}{10}=\frac{3}{2}$ **OF** $K(-4;2)\rightarrow K^{/}(-6;3)=K^{/}\left(\frac{3}{2}\times -4;\ \frac{3}{2}\times 2\right)$ Skaalfaktor is $\frac{3}{2}$	✓ $\frac{K^{/}M^{/}}{KM}$ ✓ $\frac{3}{2}$ ✓ $\left(\frac{3}{2}\times -4;\frac{3}{2}\times 2\right)$ ✓ $\frac{3}{2}$ (2)
6.2.2	$(x;y)\rightarrow\left(\frac{3}{2}x\ ;\ \frac{3}{2}y\right)$	✓ $\frac{3}{2}x$ ✓ $\frac{3}{2}y$ (2)
6.2.3	$P^{/}\left(\frac{3}{2}\times 3\ ;\ 2\times\frac{3}{2}\right)$ $=P^{/}\left(\frac{9}{2}\ ;\ 3\right)$	✓ $\frac{9}{2}$ ✓ 3 (2)
6.2.4	$a=1$	✓✓ $a=1$ (2)
6.2.5	$K^{//}(4;-2)$	✓ 4 ✓ -2 (2)

6.2.6	$K^{///}K^{/}=5$
	$K^{/}M^{///}=15$
	
	$\frac{K^{/}K^{///}}{K^{/}M^{///}}=\frac{5}{15}=\frac{1}{3}$
		✓ $K^{///}K^{/}=5$
		✓ $K^{/}M^{///}=15$
		
		✓ $\frac{1}{3}$
		(3)
		[17]

VRAAG 7

7.1	$K^{/}(b\ ;\ -a)$	✓ b ✓ $-a$ (2)

7.2	$K^{//}(b\cos\theta - a\sin\theta\ ;\ -a\cos\theta - b\sin\theta)$
	
	OF
	$K^{//}(a\cos(90+\theta) + b\sin(90°+\theta)\ ;\ b\cos(90°+\theta) - a\sin(90°+\theta)$
	$= K^{//}(-a\sin\theta + b\cos\theta\ ;\ -b\sin\theta - a\cos\theta)$
		✓ $b\cos\theta - a\sin\theta$
		✓ $-a\cos\theta - b\sin\theta$
		(2)

7.3	$T^{//}(-(-4)\sin\theta + (-2)\cos\theta\ ;\ -(-2)\sin\theta - (-4)\cos\theta)$
	$= T^{//}(4\sin\theta - 2\cos\theta\ ;\ 2\sin\theta + 4\cos\theta)$
	OF
	
	$T^{//}(-2\cos\theta - (-4)\sin\theta\ ;\ -(-4)\cos\theta - (-2)\sin\theta)$
	$= T^{//}(-2\cos\theta + 4\sin\theta\ ;\ 4\cos\theta + 2\sin\theta)$
		✓ $4\sin\theta - 2\cos\theta$
		✓ $2\sin\theta + 4\cos\theta$
		(2)
		
		✓ $4\sin\theta - 2\cos\theta$
		✓ $2\sin\theta + 4\cos\theta$
		(2)

7.4	$2\sqrt{3} + 1 = 4\sin\theta - 2\cos\theta$ .....(1) $\sqrt{3} - 2 = 2\sin\theta + 4\cos\theta$ .....(2) $(2)\times 2:\ \ 2\sqrt{3} - 4 = 4\sin\theta + 8\cos\theta$ ....(3) $(1)-(3):\ \ 5 = -10\cos\theta$ $-\frac{1}{2} = \cos\theta$ $\therefore\ \theta = 180° - 60° = 120°$ **OF** $2\sqrt{3} + 1 = 4\sin\theta - 2\cos\theta$ .....(1) $\sqrt{3} - 2 = 2\sin\theta + 4\cos\theta$ .....(2) $(1)\times 2:\ \ 4\sqrt{3} + 2 = 8\sin\theta - 4\cos\theta$ ....(3) $(2)+(3):\ \ 5\sqrt{3} = 10\sin\theta$ $\frac{\sqrt{3}}{2} = \sin\theta$ $\therefore\ \theta = 180° - 60° = 120°$ **OF**	✓ substitusie om vergelyking te vorm ✓ substitusie om vergelyking te vorm ✓ $5 = -10\cos\theta$ ✓ $-\frac{1}{2} = \cos\theta$ ✓ $120°$ (5) ✓ substitusie om vergelyking te vorm ✓ substitusie om vergelyking te vorm ✓ $5\sqrt{3} = 10\sin\theta$ ✓ $\frac{\sqrt{3}}{2} = \sin\theta$ ✓ $120°$ (5)

	$m_{OT} = \frac{1}{2} \Rightarrow \tan X\hat{O}T = \frac{1}{2}$ $X\hat{O}T = 206{,}565...°$ $m_{OT'} = \frac{\sqrt{3}-2}{2\sqrt{3}+1} \Rightarrow \tan X\hat{O}T^{//} = \frac{\sqrt{3}-2}{2\sqrt{3}+1} = -0{,}06....$ $X\hat{O}T = -3{,}434°$ $90° + \theta = 209{,}99...° \approx 210°$ $\theta = 120°$ **OF** $(TT')^2 = OT^2 + (OT')^2 - 2(OT)(OT').\cos(90° + \theta)$ $40 + 20\sqrt{3} = 40 - 40.\cos(90° + \theta)$ $\cos(90° + \theta) = -\frac{\sqrt{3}}{2}$ $90° + \theta = 150°$ $\theta = 60°$	✓ $\tan X\hat{O}T = \frac{1}{2}$ ✓ 206.565...° ✓ – 0,06... ✓ – 3.434° ✓ 120° (5) ✓$(TT')^2$ $= 40 + 20\sqrt{3}$ ✓substitusie in cos-reël ✓vereenvoudiging ✓150° ✓60° (5) **[11]**

VRAAG 8

8.1	$1-\sin^2\theta+3-\cos^2\theta$ $=4-(\sin^2\theta+\cos^2\theta)$ $=3$ **OF** $\cos^2\theta+3-\cos^2\theta$ $=3$	✓ vereenvoudiging ✓ 3 (2) ✓ substitusie met identiteit ✓ 3 (2)
8.2	$\sqrt{4^{\sin 150°}.2^{3\tan 225°}}$ $=\sqrt{4^{\sin 30°}.2^{3\tan 45°}}$ $=\sqrt{\left(2^2\right)^{\frac{1}{2}}.2^3}$ $=\sqrt{16}$ $=4$ **OF** $\sin 150°=\frac{1}{2}$ $\tan 225°=1$ $\sqrt{4^{\sin 150°}2^{3\tan 225°}}$ $=\sqrt{4^{\frac{1}{2}}2^3}$ $=\sqrt{2.2^3}$ $=\sqrt{16}$ $=4$	✓ herskryf met reduksie formules ✓ stel spesiale hoeke in ✓ vereenvoudiging ✓ 4 (4) ✓ $\sin 150°=\frac{1}{2}$ ✓ $\tan 225°=1$ ✓ $4^{\frac{1}{2}}=2$ ✓ 4 (4)
8.3	$LK=\frac{\cos^2 x(\sin^2 x+\cos^2 x)}{1-\sin x}$ $=\frac{\cos^2 x.(1)}{1-\sin x}$ $=\frac{(1-\sin^2 x)}{1-\sin x}$ $=\frac{(1+\sin x)(1-\sin x)}{1-\sin x}$ $=1+\sin x$ $=RK$	✓ faktorisering ✓ 1 ✓ $1-\sin^2 x$ ✓ faktore (4)

8.4	$\cos 3\theta$ $= \cos(2\theta + \theta)$ $= \cos 2\theta.\cos\theta - \sin 2\theta.\sin\theta$ $= (2\cos^2\theta - 1).\cos\theta - 2\sin\theta.\cos\theta.\sin\theta$ $= 2\cos^3\theta - \cos\theta - 2\sin^2\theta.\cos\theta$ $= 2\cos^3\theta - \cos\theta - 2(1-\cos^2\theta).\cos\theta$ $= 2\cos^3\theta - \cos\theta - 2\cos\theta + 2\cos^3\theta$ $= 4\cos^3\theta - 3\cos\theta$	✓uitbreiding ✓ $2\cos^2\theta - 1$ ✓ $2\sin\theta.\cos\theta$ ✓$1-\cos^2\theta$ (4)
8.5	$\cos 3\theta = 4\cos^3\theta - 3\cos\theta$ $\cos 3(20°) = 4\cos^3(20°) - 3\cos(20°)$ $\frac{1}{2} = 4x^3 - 3x$ $8x^3 - 6x - 1 = 0$	✓$\theta = 20°$ ✓$\cos 60° = \frac{1}{2}$ (2) **[16]**

VRAAG 9

9.1	$\dfrac{\cos 160°.\tan 200°}{2\sin(-10°)}$ $= \dfrac{(-\cos 20°)(\tan 20°)}{2(-\sin 10°)}$ $= \dfrac{(-\cos 20°)\left(\dfrac{\sin 20°}{\cos 20°}\right)}{-2\sin 10°}$ $= \dfrac{2\sin 10°\cos 10°}{2\sin 10°}$ $= \cos 10°$	✓ $-\cos 20°$ ✓ $\tan 20°$ ✓ $-\sin 10°$ ✓ $\dfrac{\sin 20°}{\cos 20°}$ ✓ $2\sin 10°\cos 10°$ ✓ $\cos 10°$ (6)
9.2.1	$LK = \cos(x+45°).\cos(x-45°)$ $= (\cos x.\cos 45° - \sin x\sin 45°)(\cos x\cos 45° + \sin x\sin 45°)$ $= \cos^2 x.\cos^2 45° - \sin^2 x.\sin^2 45°$ $= \cos^2 x\left(\dfrac{\sqrt{2}}{2}\right)^2 - \sin^2\left(\dfrac{\sqrt{2}}{2}\right)^2$ or $\left[\cos^2 x\left(\dfrac{1}{\sqrt{2}}\right)^2 - \sin^2 x\left(\dfrac{1}{\sqrt{2}}\right)^2\right]$ $= \dfrac{1}{2}\cos^2 x - \dfrac{1}{2}\sin^2 x$ $= \dfrac{1}{2}(\cos^2 x - \sin^2 x)$ $= \dfrac{1}{2}\cos 2x$ **OF** $2\cos\alpha\cos\beta = \cos(\alpha+\beta) + \cos(\alpha-\beta)$ $\cos\alpha\cos\beta = \dfrac{1}{2}\left(\cos(\alpha+\beta) + \cos(\alpha-\beta)\right)$ Let $\alpha = x + 45°$ and $\beta = x - 45°$ $\therefore \cos(x+45°)\cos(x-45°)$ $= \dfrac{1}{2}\left(\cos((x+45°+x-45°) + \cos(x+45°-x+45°)\right)$ $= \dfrac{1}{2}\left(\cos 2x + \cos 90°\right)$ $= \dfrac{1}{2}\cos 2x$	✓ brei uit $\cos(x+45°)$ ✓ brei uit $\cos(x-45°)$ ✓ stel in spesiale hoeke ✓ vereenvoudiging (4) ✓✓ lei identiteit af ✓ substitusie ✓ vereenvoudiging (4)

9.2.2	$\cos(x+45°)\cos(x-45°)$ het `n minimum waar $\frac{1}{2}\cos 2x$ `n minimum het. Die minimum waarde van $\cos 2x$ is -1 $\cos 2x = -1$ $2x = 180°$ $x = 90°$	✓ minimum waarde van -1 ✓$2x = 180°$ ✓ $x = 90°$ (3) **[13]**

VRAAG 10

10.1	Waardeversameling $= [-1\ ;\ 1]$	✓✓ $[-1\ ;\ 1]$ (2)
10.2	$f\left(\frac{3}{2}x\right) = \sin 2\left(\frac{3}{2}x\right)$ $= \sin 3x$ $\therefore$ Periode $= \frac{360°}{3} = 120°$ **OF** $f\left(\frac{3}{2}x\right) = \sin 2\left(\frac{3}{2}x\right)$ $= \sin 3x$ $= \sin(3x + 360°)$ $= \sin 3(x + 120°)$ $\therefore$ Periode $= 120°$	✓ $\sin 3x$ ✓$120°$ (2) ✓ $\sin 3x$ ✓$120°$ (2)

10.3		✓ x afsnitte ✓✓ draaipunte ✓ vorm (4)
10.4	$(-180°;-90°)$ *of* $(-60°\ ;\ 0°)$ **OF** $-180° < x < -90°$ *of* $-60° < x < 0°$	✓ $> -180°$ ✓ $< -90°$ ✓ $> -60°$ ✓ $< 0°$ (4)
10.5	$y = \sin 2(x + 30°)$ $\therefore$ translasie van 30° na links	✓ translasie 30° ✓ na links (2)
10.6	$\sin 2x = \cos(x - 30°)$ $\sin 2x = \sin[90° - (x - 30°)]$ $= \sin(120° - x)$ $2x = 120° - x + 360°k; k \in Z$ $\quad$ $2x = 180° - (120° - x) + 360°k$ $3x = 120° + 360°k$ $\quad$ **of** $\quad 2x - x = 60° + 360°k$ $x = 40° + 120°k; k \in Z$ $\quad$ $x = 60° + 360°k; k \in Z$ **OF** $\sin 2x = \cos(x - 30°)$ $\cos(90° - 2x) = \cos(x - 30°)$ $90° - 2x = x - 30° + 360°k$ or $90° - 2x = 360° - (x - 30°) + 360°k$ $-3x = -120° + 360°k$ $\quad$ $-x = 300° + 360°k$ $x = 40° - 120°k; k \in Z$ $\quad$ $x = -300° - 360°k; k \in Z$ $\therefore x = 40° + 120°k$ of $x = 60° + 360°k$; $k \in Z$	✓ gebruik ko-funksie ✓ $2x = 120° - x + 360°k$ ✓ $x = 40° + 120°k$ ✓ $2x = 180° - (120° - x) + 360°k$ ✓ $x = 60° + 360°k$ ✓ $k \in Z$ (6) ✓ $\cos(90° - x) = \cos(x - 30°)$ ✓ $90° - 2x = x - 30° + 360°k$ ✓ $x = 40° - 120°k$ ✓ $90° - 2x = 360° - (x - 30°) + 360°k$ ✓ $x = -300° - 360°k$ ✓ $k \in Z$ (6) **[20]**

VRAAG 11

11.1	$\frac{AB}{r} = \sin 2x$ $AB = r\sin 2x$	✓ $\frac{AB}{r} = \sin 2x$ ✓ $AB = r\sin 2x$ (2)
11.2	$A\hat{K}C = 90° + x$	✓ $A\hat{K}C = 90° + x$ (1)
11.3	 *In* ΔAKC: $\frac{\sin A\hat{K}C}{AC} = \frac{\sin A\hat{C}K}{AK}$ $\frac{\sin(90° + x)}{r} = \frac{\sin x}{AK}$ $AK = \frac{r\sin x}{\sin(90° + x)} = \frac{r\sin x}{\cos x}$ $\frac{AK}{AB} = \frac{2}{3}$ $\frac{\left(\frac{r\sin x}{\cos x}\right)}{r\sin 2x} = \frac{2}{3}$ $\frac{\frac{\sin x}{\cos x}}{2\sin x\cos x} = \frac{2}{3}$ $\frac{\sin x}{\cos x} \times \frac{1}{2\sin x\cos x} = \frac{2}{3}$ $\frac{1}{2\cos^2 x} = \frac{2}{3}$ $4\cos^2 x = 3$ $\cos x = \frac{\sqrt{3}}{2}$ $x = 30°$	✓ sin reël ✓ substitusie ✓ maak AK onderwerp van die formule ✓ cos x ✓ 2sin$x$.cos$x$ ✓ $\frac{1}{2\cos^2 x}$ ✓ $\cos x = \frac{\sqrt{3}}{2}$ ✓ $x = 30°$ (8)
	OF	



Gebruik die sin-formule in ΔCBK en ΔCKA:

$\frac{\sin x}{BK} = \frac{\sin(90° - x)}{BC}$ en $\frac{\sin x}{KA} = \frac{\sin(90° + x)}{AC}$

$\therefore \frac{BK}{BC} = \frac{KA}{AC}$

$\therefore \frac{1}{BC} = \frac{2}{r}$

$\therefore BC = \frac{1}{2}r$

$\therefore \cos 2x = \frac{BC}{AC} = \frac{\frac{1}{2}r}{r} = \frac{1}{2}$

$\therefore 2x = 60°$

$\therefore x = 30°$

✓ $\frac{\sin x}{BK} = \frac{\sin(90° - x)}{BC}$

✓ $\frac{\sin x}{KA} = \frac{\sin(90° + x)}{AC}$

✓ $\frac{BK}{BC} = \frac{KA}{AC}$

✓ $\frac{1}{BC} = \frac{2}{r}$

✓ $BC = \frac{1}{2}r$

✓ $\cos 2x = \frac{1}{2}$

✓ $2x = 60°$

✓ $x = 30°$

(8)

OF



ΔCBK: KC = $\frac{c}{\sin x}$

ΔCKA: $\frac{\sin x}{2c} = \frac{\sin(90° - 2x)}{KC} = \frac{\sin(90° - 2x).\sin x}{c}$

$\therefore$ sin (90° - 2x) = $\frac{1}{2}$ = sin 30°

$\therefore$ 90° - 2x = 30°

x = 30°

✓ KC = $\frac{c}{\sin x}$

✓ $\frac{\sin x}{2c} = \frac{\sin(90° - 2x)}{KC}$

✓✓substitusie

✓✓ sin (90° - 2x) = $\frac{1}{2}$

✓90° - 2x = 30°

✓ x = 30°

	OF  ΔCBK: $\sin 2x = \frac{3c}{r} = 2\sin x.\cos x$ $\therefore r\sin x = \frac{3c}{2\cos x}$ .....(1) ΔCKA: $\frac{2c}{\sin x} = \frac{r}{\cos x}$ $\therefore r\sin x = 2c\cos x$.....(2) Stel (1) en (2) gelyk: $2c.\cos x = \frac{3c}{2\cos x}$ $\therefore \cos^2 x = \frac{3}{4}$ $\therefore \cos x = \frac{\sqrt{3}}{2}$ $\therefore \quad x = 30°$ **OF**	(8) ✓ $\sin 2x = \frac{3c}{r}$ ✓ $2\sin x.\cos x$ ✓ $r\sin x = \frac{3c}{2\cos x}$ ✓ $\frac{2c}{\sin x} = \frac{r}{\cos x}$ ✓ $r\sin x = 2c\cos x$ ✓stel gelyk ✓ $\cos x = \frac{\sqrt{3}}{2}$ ✓30° (8)

	$\frac{AK}{KB} = \frac{2}{1} = 2$ $2 = \frac{\frac{1}{2}AK.BC}{\frac{1}{2}BK.BC}$ $= \frac{\text{area AKC}}{\text{area ABC}}$ $= \frac{\frac{1}{2}rCK\sin x}{\frac{1}{2}BC.CK\sin x}$ $= \frac{r}{BC}$ $\therefore \frac{BC}{r} = \frac{1}{2}$ $\therefore \cos 2x = \frac{1}{2}$ $\therefore 2x = 60°$ $\therefore x = 30°$	✓vermenigvuldig met $\frac{1}{2}BC$ ✓ area van driehoeke ✓ area formule in driehoeke ✓ $\frac{r}{BC} = 2$ ✓ $\frac{BC}{r} = \frac{1}{2}$ ✓ $\cos 2x = \frac{1}{2}$ ✓ $2x = 60°$ ✓ $x = 30°$ (8)
	OF  Deur gebruik te maak van die Interne Halveerder Stelling: $\frac{CB}{CA} = \frac{BK}{KA} = \frac{1}{2}$ $\cos 2x = \frac{1}{2}$ $2x = 60°$ $x = 30°$	✓✓ Deur die spesifieke stelling te noem ✓✓✓ $\frac{CB}{CA} = \frac{BK}{KA} = \frac{1}{2}$ ✓ $\cos 2x = \frac{1}{2}$ ✓ $2x = 60°$ ✓ $x = 30°$ (8)

	OF  Verleng BC na D en teken CK parallel aan DA. $C\hat{A}D = K\hat{C}A \quad and \quad B\hat{C}K = \hat{D}$ $\therefore DC = CA = r$ $\therefore \Delta BKC \,\|\|\| \, \Delta BAD$ $\therefore \frac{BK}{BA} = \frac{BC}{BD} = 3$ $\therefore BD = 3BC = BC + r$ $\therefore BC = \frac{1}{2}r$ $\therefore \cos 2x = \frac{\frac{1}{2}r}{r} = \frac{1}{2}$ $\therefore 2x = 60°$ $\therefore x = 30°$	✓ $DC = CA = r$ ✓ $\Delta BKC \,\|\|\| \, \Delta BAD$ ✓ $\frac{BK}{BA} = \frac{BC}{BD} = 3$ ✓BD = BC + r ✓ $BC = \frac{1}{2}r$ ✓ $\cos 2x = \frac{1}{2}$ ✓$2x$ = 60° ✓30° (8) **[11]**

TOTAAL: 150

PolyMathic

Vraestel 2

Okt/Nov

Eksamen

PolyMathic

Graad 12 Eindeksamen
Totaal: 150
Tyd: 3ure

VRAAG 1

Die vyfgetalopsomming van die hoogtes van bome drie maande nadat hulle geplant is, is (23 ; 42 ; 50 ; 53 ; 75). Hierdie inligting word in die mond-en-snordiagram hieronder aangetoon.



1.1 Bepaal die interkwartielvariasiewydte. (2)

1.2 Watter persentasie plante het 'n hoogte van meer as 53 cm? (2)

1.3 Tussen watter kwartiele het die hoogtes van die bome die kleinste variasie? Verduidelik. (2)

[6]

VRAAG 2

Die verband tussen bloedalkoholvlakke en die risiko om 'n motorongeluk te maak, word al jare lank bestudeer. Navorsing het die volgende resultate getoon:

BLOEDALKOHOLVLAK (%)	RELATIEWE RISIKO OM 'N MOTORONGELUK TE MAAK (%)
0,00	1,0
0,05	2,9
0,10	8,5
0,15	24,8
0,20	72,2
0,21	89,5

2.1 Teken 'n spreidiagram op DIAGRAMVEL 1 om die data voor te stel. (3)

2.2 Trek 'n lyn (of kromme) van beste passing op DIAGRAMVEL 1. (1)

2.3 Beskryf die tendens van die data. (1)

2.4 Skat die waarskynlikheid om 'n motorongeluk te maak wanneer jou bloedalkoholvlak 0,18% is. (Die wettige perk van die bloedalkoholvlak is 0,05%.) (2)

[7]

VRAAG 3

Die kumulatiewefrekwensie-kromme (ogief) wat hieronder geteken is, toon die tyd (in minute) wat dit 140 konsertgangers neem om 'n ouditorium na 'n vertoning te verlaat.



3.1 Skat die getal mense wat meer as 15 minute geneem het om die ouditorium te verlaat. (2)

3.2 Skat die getal mense wat tussen 8 en 12 minute geneem het om die ouditorium te verlaat. (2)

3.3 Skryf die modale klas vir die data neer. (1)

[5]

VRAAG 4

Die graad 10-klasse van drie skole het 'n kwartaaltoets geskryf. Al drie skole het dieselfde getal leerders in graad 10. Die uitslae van die toetse is in die tabel hieronder opgesom.

	SKOOL A	SKOOL B	SKOOL C
Gemiddeld	9,8	9,8	14,8
Standaardafwyking	2,3	3,1	2,3

Die verspreiding van die uitslae word in die diagram hieronder aangetoon.



4.1 In watter skool (A, B of C) is die meerderheid van die uitslae wyer rondom die gemiddeld versprei? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

4.2 Wat is die verskil in die verspreiding rondom die onderskeie gemiddeldes van die punte in Skool A en Skool C? (1)

4.3 Verduidelik hoe die punte van Skool A aangepas moet word om met die punte van Skool C ooreen te stem. (2)

4.4 Indien elke punt in Skool C met 10% verlaag word, verduidelik hoe dit die gemiddeld en standaardafwyking van hierdie skool sal beïnvloed. (2)

[7]

VRAAG 5

In die diagram hieronder is P 'n punt (– 5 ; 0). Die inklinasie van lyn PT is 63,43°. S is die middelpunt en die y-afsnit van PT. R is 'n punt op die x-as sodanig dat PO : OR = 2 : 3.



5.1 Bepaal:

5.1.1 Die gradiënt van PT, korrek tot die naaste heelgetal (2)

5.1.2 Die vergelyking van PT in die vorm $y = mx + c$ (2)

5.1.3 Die afstand PS in wortelvorm (3)

5.1.4 Die koördinate van T (2)

5.2 Bepaal die koördinate van R. (2)

5.3 Bereken die oppervlakte van ΔPTR. (4)

[15]

VRAAG 6

In die diagram hieronder is M die middelpunt van die sirkel met die vergelyking $x^2 + y^2 - 6x + 2y - 8 = 0$. Die sirkel gaan deur R(0 ; − 4) en N(p ; q). $R\hat{M}N = 90°$.
Die raaklyne aan die sirkel by R en N ontmoet by P.



6.1 Toon aan dat M die punt (3 ; –1) is. (4)

6.2 Bepaal die vergelyking van MR in die vorm $y = mx + c$. (3)

6.3 Toon aan dat $q = 2 - p$. (4)

6.4 Bepaal die waardes van p en q. (5)

6.5 Bepaal die vergelyking van die sirkel met middelpunt O wat deur punt N gaan. (2)

6.6 Bereken die oppervlakte van die sirkel met middelpunt M. (2)

6.7 Bereken die verhouding in sy eenvoudigste vorm: $\frac{NP}{MP}$ (4)

[24]

VRAAG 7

7.1 Bepaal die beeld van P(x ; y) as P deur 90° om die oorsprong in 'n kloksgewyse rigting geroteer en dan om die y-as gereflekteer word. (2)

7.2 Bepaal die beeld van P(x ; y) as P om die y-as gereflekteer en dan deur 90° om die oorsprong in 'n kloksgewyse rigting geroteer word. (2)

7.3 Mo en Ziya redeneer oor die beeld van P(x ; y) onder die volgende transformasies:

- Rotasie deur 90° om die oorsprong in 'n kloksgewyse rigting
- Refleksie om die y-as

Mo beweer dat die volgorde waarin die transformasies uitgevoer word, die finale posisie van die beeld sal beïnvloed. Ziya redeneer dat die finale posisie van die beeld dieselfde sal wees, ongeag die volgorde waarin die transformasies uitgevoer word.

Watter een van die twee, Mo of Ziya, is in hierdie geval reg? Verduidelik. (2)

[6]

VRAAG 8

In die diagram is ABC 'n gelykbenige driehoek met hoekpunt C wat by (0 ; –1) lê. AB is ewewydig aan die x-as en AC = $\sqrt{10}$.



8.1 'n Rigiede (starre) transformasie word op ΔABC toegepas om ΔPQR te vorm, soos aangetoon. R(– 4 ; 3) is die beeld van C. Beskryf volledig, in woorde, die transformasie van ΔABC na ΔPQR. (2)

8.2 ΔPQR word om die lyn $y = x$ gereflekteer. Bepaal die koördinate van R$^{/}$, die beeld van R. (2)

8.3 ΔABC word deur die oorsprong vergroot om ΔA$^{/}$B$^{/}$C$^{/}$ te vorm, sodanig dat:

$$\frac{\text{oppervlakte van } \Delta A^{/}B^{/}C^{/}}{\text{oppervlakte van } \Delta ABC} = 16$$

8.3.1 Bepaal die skaalfaktor van die vergroting. (1)

8.3.2 Indien AC = $\sqrt{10}$ eenhede, skryf die lengte van A$^{/}$C$^{/}$ neer. (1)

8.4 Nadat 'n rigiede (starre) transformasie op ΔABC toegepas is om ΔDEF te vorm, is F(0 ; 1) die beeld van C. As E die punt (s ; t) is, skryf 'n vergelyking in terme van s en t neer. (4)

[10]

VRAAG 9

'n Wiel word so geplaas dat sy middelpunt presies op die oorsprong van die Cartesiese vlak val. $T\left(-\frac{16}{\sqrt{2}};\frac{16}{\sqrt{2}}\right)$ is 'n punt op die buitenste rand van die wiel.

Wanneer die wiel in 'n kloksgewyse rigting om die oorsprong deur 'n hoek van θ gedraai word, val T direk op $W(8;-8\sqrt{3})$.



9.1 Toon aan dat $\theta = 195°$. (5)

9.2 As die wiel teen 'n konstante spoed in 'n kloksgewyse rigting geroteer word, neem dit 1,3 sekondes vir T om tot by W te beweeg. Bereken die spoed, in omwentelinge per minuut, waarteen die wiel roteer. (5)

[10]

VRAAG 10

In die diagram hieronder is refleks $T\hat{O}P = \alpha$ en P se koördinate is (– 5 ; – 12).



Bepaal die waarde van elk van die volgende trigonometriese verhoudings SONDER om 'n sakrekenaar te gebruik:

10.1 $\cos \alpha$ (3)

10.2 $\tan (180° - \alpha)$ (2)

10.3 $\sin (30° - \alpha)$ (3)

[8]

VRAAG 11

11.1 Bewys die volgende identiteit: $\dfrac{\cos^2(90° + \theta)}{\cos(-\theta) + \sin(90° - \theta)\cos\theta} = \dfrac{1}{\cos\theta} - 1$ (6)

11.2 Bepaal die algemene oplossing van: $\tan x \sin x + \cos x \tan x = 0$. (7)

11.3 Beskou die volgende uitdrukking: $2\sin^2 3x - \sin^2 x - \cos^2 x$

11.3.1 Vereenvoudig die uitdrukking tot 'n enkele trigonometriese verhouding van x. (3)

11.3.2 Skryf die maksimum waarde van die uitdrukking neer. (1)

11.4 Dit word gegee dat $p = \cos\alpha + \sin\alpha$ en $q = \cos\alpha - \sin\alpha$

11.4.1 Bepaal die volgende trigonometriese verhoudings in terme van p en/of q:

(a) $\cos 2\alpha$ (3)

(b) $\tan\alpha$ (4)

11.4.2 Vereenvoudig $\dfrac{p}{2q} - \dfrac{q}{2p}$ tot 'n enkele trigonometriese verhouding van α. (6)

[30]

VRAAG 12

12.1 Skets die grafieke van $f(x) = \tan x + 1$ en $g(x) = \cos 2x$ vir $x \in [-180° ; 180°]$ op dieselfde assestelsel wat op DIAGRAMVEL 2 gegee word. Toon duidelik alle afsnitte met die asse, draaipunte en asimptote aan. (6)

12.2 Skryf die periode van g neer. (1)

12.3 As $h(x) = -\cos 2(x + 10°)$, beskryf volledig, in woorde, die transformasie van g na h. (2)

12.4 Vir watter waardes van x, waar $x > 0$, sal $f'(x)g(x) > 0$? (4)

[13]

VRAAG 13

Die Groot Piramide by Giza in Egipte is ongeveer 2 500 v.C. gebou. Die piramide het 'n vierkantige basis (ABCD) met sye 232,6 meter lank. Die afstand vanaf elke hoek van die basis na die toppunt (E) was oorspronklik 221,2 meter.





Groot Piramide by Giza in Egipte

13.1 Bereken die grootte van die hoek by die toppunt van 'n aansig van die piramide (byvoorbeeld $C\hat{E}B$). (3)

13.2 Bereken die hoek wat elke aansig met die basis vorm (byvoorbeeld $E\hat{F}G$, waar $EF \perp AB$ in ΔAEB). (6)

[9]

TOTAAL: 150

DIAGRAMVEL 1

VRAAG 2.1 en 2.2



DIAGRAMVEL 2

VRAAG 12



Memo

LET WEL:

- *As 'n kandidaat 'n vraag TWEE keer beantwoord het, merk slegs die eerste poging.*
- *As 'n kandidaat 'n antwoord deurgehaal en nie oorgedoen het nie, merk die deurgehaalde antwoord.*
- *Volgehoue akkuraatheid is DEURGAANS in ALLE aspekte van die memorandum van toepassing.*
- *Aanvaarding van waardes/antwoorde om 'n problem op te los, is onaanvaarbaar.*

QUESTION/*VRAAG* 1



1.1	Interquartile range/*Interkwartielvariasiewydte* = 53 – 42 = 11 Answer only: Full marks No CA	✓critical values (42 ; 53) ✓11 (2)
1.2	25% of trees have a height in excess of 53 cm. *25% van bome het 'n hoogte van meer as 53 cm.*	✓✓25% (2)
1.3	Between Q_2(50) and Q_3 (53)/*Tussen Q_2 en Q_3* ***REASON / REDE*** The distance between these two quartiles is the smallest/*Die afstand tussen hierdie twee kwartiele is die kleinste.* **OR** The third quarter has smallest length / *Die derde kwart het die kortste lengte*	✓ Q_2 and Q_3 ✓ reason (2) **[6]**

QUESTION/*VRAAG* 2

2.1 and/en 2.2		6 points correctly plotted (3 marks) 4 points correctly plotted (2 marks) 2 points correctly plotted (1 mark) (3) ✓ exponential curve/ *eksponensiale kromme* (1)
2.3	The trend shows that as the blood alcohol levels increase, the risk of having an accident increases rapidly. *Die tendens(neiging) toon dat indien die bloed-alkoholvlakke toeneem, die risiko van 'n motorongeluk neem vinnig toe.*	✓reason (1)
2.4	Approximately 47% (Accept 44% - 51%)	✓✓ 47% (2) **[7]**

QUESTION/*VRAAG* 3

3.1	more than 15 minutes: 140 – 104 = 36 people Approximately 36 people (Accept 34 – 37) Answer only: Full marks	✓ 104 ✓ 36 (2)
3.2	At 8 minutes approximately 27 people and at 12 minutes approximately 62 people left the auditorium/*By 8 minute het ongeveer 27 mense en by 12 minute ongeveer 62 mense die ouditorium verlaat.* $\therefore 62 - 27 = 35$ Approximately 35 people left the auditorium between 8 and 12 minutes/*Ongeveer 35 mense het tussen 8 en 12 minute die ouditorium verlaat.*	✓ 27 and 62 ✓ 35 (Accept 33 – 36) (2)
3.3	Modal class/*modale klas*: $11 < x \leq 16$ **OR** $11 \leq x < 16$ Mark for critical values	✓ $11 < x \leq 16$ ✓ $11 \leq x < 16$ (1) **[5]**

QUESTION/*VRAAG* 4

	SCHOOL A	SCHOOL B	SCHOOL C
Mean	9,8	9,8	14,8
Standard deviation	2,3	3,1	2,3

4.1	School B, because the standard deviation of B is the largest. *Skool B, want die standaardafwyking is die grootste.*	✓ School B ✓ reason (2)
4.2	There is no difference in the spread of the marks. *Daar is geen verskil in die verspreiding van punte nie.*	✓no difference / the same (1)
4.3	Add/increase each score in School A by 5 marks. *Vermeerder(tel by) elke punt in Skool A met 5 punte.*	✓ increase each mark *vermeerder elke punt* ✓ 5 marks (2)
4.4	The mean will decrease (by 10%) *Die gemiddelde sal verminder (met 10%).* The standard deviation will also decrease (by 10%) *Die standaardafwyking sal verminder (ook met 10%).*	✓ mean decreased /*gemiddeld verminder* ✓ SD decreased/ *SD verminder* (2) **[7]**

Explanation why values decrease by 10%:

$$mean = \frac{\sum 0{,}9x_i}{n} = 0{,}9\frac{\sum x_i}{n} = 0{,}9\bar{x}$$

$$SD = \sqrt{\frac{\sum (x_i - \bar{x})^2}{2}} = \sqrt{\frac{\sum (0{,}9x_i - 0{,}9\bar{x})^2}{n}} = \sqrt{\frac{0{,}9^2 \sum (x_i - \bar{x})^2}{n}} = 0{,}9\sqrt{\frac{\sum (x_i - \bar{x})^2}{n}}$$

QUESTION/*VRAAG* 5



5.1.1	$m_{PT} = \tan\ 63{,}43°$ $= 2$	✓ tan 63,43° ✓ 2 (2) Answer only: full marks
5.1.2	Coordinates of P(– 5 ; 0) $y - y_1 = m(x - x_1)$ $y - 0 = 2(x + 5)$ $y = 2x + 10$ **OR** $y = mx + c$ $0 = (2)(-5) + c$ $c = 10$ $y = 2x + 10$ **OR** $m_{PT} = 2 = \tan 63{,}43°$ $\tan 63{,}43° = \frac{OS}{OP} = \frac{OS}{5} = 2$ $\therefore OS = 10$ $y = 2x + 10$	✓substitution of P(–5 ; 0) and $m = 2$ into equation ✓ equation (2) ✓substitution of P(–5 ; 0) and $m = 2$ into equation ✓ equation (2) ✓ $\frac{OS}{5} = 2$ ✓ equation (2)

5.1.3	$OS = 10$ units $PS^2 = (5)^2 + (10)^2$ $= 125$ $PS = \sqrt{125} = 5\sqrt{5}$ Accept PS = 11,18 **OR** P(–5 ; 0) ; OS = 10 units $PS^2 = (-5-0)^2 + (0-10)^2$ $= 25 + 100$ $= 125$ $PS = \sqrt{125} = 5\sqrt{5}$ Accept PS = 11,18 **OR** $\frac{PS}{5} = \frac{1}{\cos 63{,}43°}$ $\therefore PS = \frac{5}{\cos 63{,}43°}$ $PS = 11{,}18$ **OR** $\frac{PS}{10} = \frac{1}{\sin 63{,}43°}$ $\therefore PS = \frac{10}{\sin 63{,}43°}$ $PS = 11{,}18$	✓ OS = 10 ✓ substitution of correct distances into Pythagoras ✓ $\sqrt{125}$ (3) ✓ OS = 10 ✓ substitution of correct distances into Pythagoras ✓ $\sqrt{125}$ (3) ✓ ratio ✓ $PS = \frac{5}{\cos 63{,}43°}$ ✓11,18 (3) ✓ ratio ✓ $PS = \frac{10}{\sin 63{,}43°}$ ✓11,18 (3)
5.1.4	Let T be $(x ; y)$. Then $\frac{-5+x}{2} = 0$ and $\frac{0+y}{2} = 10$ $x = 5$ $y = 20$ T(5 ; 20) **OR** by inspection: T(5 ; 20)	✓ 5 ✓ 20 (2) ✓ 5 ✓ 20 (2)
5.2	$OR = \left(\frac{3}{2}\right)(5) = \frac{15}{2} = 7{,}5$ $R\left(\frac{15}{2}; 0\right)$ If only x-coordinate : 2 marks	✓$x = 7{,}5$ / $\frac{15}{2}$ ✓$y = 0$ (2)

5.3	Area $\Delta PTR = \frac{1}{2}(\text{base PR}) \times (\text{height})$ $= \frac{1}{2}(5 + \frac{15}{2}) \times 20$ $= 125$ square units **OR** Area $\Delta PTR = \frac{1}{2} PT.PR.\sin T\hat{P}R$ $= \frac{1}{2}\left(10\sqrt{5}\right)\left(\frac{25}{2}\right)\sin 63{,}43°$ $= 124{,}99$ square units	✓ area formula ✓ $5 + \frac{15}{2} = 12{,}5$ ✓ 20 ✓ 125 (4) ✓ area formula ✓ $10\sqrt{5}$ ✓ $\frac{25}{2}$ ✓ 124,99 (4) **[15]**

QUESTION/*VRAAG* 6



6.1	$x^2 + y^2 - 6x + 2y - 8 = 0$ $x^2 - 6x + 9 + y^2 + 2y + 1 = 8 + 9 + 1$ $(x-3)^2 + (y+1)^2 = 18$ $\therefore$ M(3 ; – 1) If only $(x-3)^2 + (y+1)^2 = r^2$ $(r^2 \neq 18)$, then 2 marks **OR** $x_M = -\frac{1}{2}(\text{coefficient of } x)$ $x_M = -\frac{1}{2}(-6)$ $x_M = 3$ $y_M = -\frac{1}{2}(\text{coefficient of } y)$ $y_M = -\frac{1}{2}(2)$ $y_M = -1$ $\therefore$ M(3 ; – 1)	✓ $x^2 - 6x + 9$ ✓ $y^2 + 2y + 1$ ✓ $(x-3)^2$ ✓ $(y+1)^2$ (4) ✓ $x_M = -\frac{1}{2}(-6)$ ✓ $x_M = 3$ ✓ $y_M = -\frac{1}{2}(2)$ ✓ $y_M = -1$ (4)

6.2	$m_{RM} = \frac{-1-(-4)}{3-0}$ $= 1$ y-intercept is – 4 $y = x - 4$	✓ substitution into gradient formula ✓ $m_{RM} = 1$ ✓ equation (3)
